**Menaion April 21-30 Tesame PDF**

**Menaion April 21 Die Heilige Hiëromartelaar Januarius van Benevento, en sy metgeselle.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By “Heer, ek het U aangeroep…” sing ons die volgende stigiere.

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Jy was ’n allerwettige priester en allerheilige stryder, o Januarius,
wat nie deur ’n vreemde se bloed nie,
maar eerder deur jou eie die einste hemel binnegegaan het
waar Jesus die Voorloper van almal is.
Hom sien jy altyd, Vader,
en jy aanskou wat die Engele aanskou.

Sowel van jou vel gestroop as in die vuur gegooi, o bewonderenswaardige,
sowel aan ongediertes oorgelewer as vir baie dae in gevangenisse toegesluit,
is jy deur die krag van God nie in jou gees terneer gerig nie
en het jy ná jy regtens gestry het, die stryd voltooi,
o wonderdraende heilige, wat soos die Liggaamloses is.

Laat ons Desiderius, Sosius, Faustus en Eftychius,
asook die beroemde Januarius en die wyse Acutius,
as wyse bedienaars, as kroondraende Martelare,
as burgers van die Heilige Stad
en as waaragtige voorbidders vir dié wat hulle salig noem, eendragtig eer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Laat ons die Maagd en Moeder van die Heer openlik salig noem,
die onbesoedelde tabernakel, die besielde wolk,
die heilige tempel van ons God,
die ondeurganklike brug, die algoue kruik,
die heilige ark, die leer wat boontoe reik,
en die wye ruimte van die Meester.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- of Donderdagaande)

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Toe die Ooilam wat U, die Lam en Herder, gebaar het,
U aan die Kruis sien,
het sy gejammer en moederlik tot U uitgeroep:
“My allergeliefde Seun, hoe is U aan ’n kruishout opgehang?

Hoe is U in u hande en voete, o lankmoedige Woord, deur wetteloses vasgeslaan, en hoe het U u bloed uitgestort, o Meester?”

## Apolitikion – Toon 4 (Καὶ τρόπων μέτοχος)

Jy het die Apostels se lewenswyse deelagtig geword
en ’n opvolger van hulle trone geword, o God-geïnspireerde;
jy het die manier van doen gevind
wat toegang gee tot die hoogtes van kontemplasie.
Daarom sny jy die woord van die waarheid reg aan,
en het jy in die geloof die stryd ten bloede gestry.
O Hiëromartelaar Januarius,
bid tot Christus ons God
dat ons siele gered mag word.

**April 21 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Toe jy jou priesterkledy nog helderder kleur
met die kleursel van jou bloed,
is jy duidelik as dienaar van Christus bewys.
Daarom het jy na die ewige woninge opgegaan,
en laat jy oseane van genesing opwel vir hulle wat jou eer
en smeek jy God altyd
dat almal vergewing van oortredinge gegee mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Ons, die onwaardiges, sal nooit nalaat
om u groot dade te vertel nie, o Theotokos;
want het u ons nie beskerm deur u gebede nie,
wie sou ons uit soveel gevare gered het?
Wie sou ons tot nou toe nog in vryheid bewaar het?
O Meesteres, mag ons nie weggaan van u nie,
want u red u dienaars altyd uit allerlei gevare.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Toe sy wat U in die laaste dae in die vlees gebaar het,
U wat uit die beginlose Vader gebore is,
aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy uitgeroep: “Wee my! Allergeliefde Kind!
Hoe het die Hebreër-volk U vergeld?
Maar staan op en red as enig Mensliewende
hulle wat in U geglo het.”

Sinaksarion

Op die 21ste dag van vandeesmaand, die Gedagtenis aan die Heilige Hiëromartelaar Januarius die Biskop, en die diakens Proculus, Sosius and Faustus, Desiderius die Leser, Eftychius and Acutius.

Verse. Die Maand April het gesien
hoe die dapper Januarius onthoof word.

Saam met Proculus, het die swaard ook Sosius en Faustus gedood,
toe hulle voor die skede gebuig het.

Desiderius het sy huid aan die swaard oorgegee,
die onthoofding verduur en by Christus gaan staan.

Hoor die stem van Acutius wat sê:
"Word saam met my onthoof, Eftychius."

Op die 21ste het hulle Januarius onthoof.

Op dieselfde dag, die Gedagtenis aan die Heilige Martelares Alexandra die Koningin.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Apollos, Isaakius and Quadratus, wat deur honger en die swaard vervolmaak is.

Op dieselfde dag, die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges Maximianus, Patriarg van Konstantinopel.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Anastasius die Sinaïet.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons.

Die res van die Mettediens en die Wegsending

**Menaion April 22  Ons Heilige Vader Theodorus van Sykeon**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By “Heer, ek het U aangeroep…” sing ons die volgende stigiere.

Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

O driemaal-salige Vader Theodorus,
daar jy ’n heilige ingewyde van die Woord geword
en deur die glans van die Gees in die deugde gestraal het,
skenk jy gawes van genesing aan ons
wat hierdie heilige gedagtenis aan jou nader en jou eer.

Omstraal met hemelse strale,
skenk jy deur Christus se krag genesing
aan hulle wat jou met geloof daarom vra
en jou gedagtenis reggelowig vier,
o allergodsalige Vader,
bewonderenswaardige wonderdoener Theodorus.

O Goddraende Theodorus,
jy is deur die uitleef van Christus se gebooie
as bewerker van die wingerd bewys.
Daar jy op mistieke wyse die denarius van die hemelse koninkryk ontvang het,
bid jy sonder ophou vir ons wat jou eer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

O allergodsalige Jonkvrou, deur God begenadig,
albesonge Maagd wat God gebaar het,
die kragtige beskermster van sondaars,
die magtige, betroubare hulp van mishandeldes,
en toevlug van al die gelowiges.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

Toe die onskuldige Maagd wat sonder saad gebaar het,
U aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy met geweeklaag uitgeroep:
“O Seun en God,
wat is die Goddelike, onsegbare heilsbestel van U, o Woord,
waardeur U sterwelinge van die vloek bevry het!”

Apolitikion – Toon 4 (Κανόνα πίστεως)

Die waarheid van jou dade het jou aan jou kudde geopenbaar as ’n reël van geloof,
’n beeld van sagmoedigheid en 'n leermeester van selfbeheersing.
Daarom het jy die hoogtes deur nederigheid bereik,
rykdom deur armoede.
O vader en hiërarg Theodorus,
doen voorbidding by Christus God,
dat ons siele gered mag word.

**April 22 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Na jy op edele wyse teen die bose geeste gestry het,
o Hiërarg Theodorus,
het jy mag van die Heer ontvang
om kwale te laat verdwyn
en allerlei krankhede te genees
van hulle wat hulle immer met geloof tot jou kosbare reliekekis haas.
Ons vereer dit en loof jou altyd.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Wie sal die menigte van my onreine gedagtes
en die oorvloed van my onbetaamlike voorstellinge kan beskryf, o reine Maagd,
en wie sal die opstandigheid van my vleeslose vyande kan verhaal,
asook hul boosheid?
Maar skenk my deur u voorbidding, o Goeie,
verlossing van dit alles.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Toe sy wat U in die laaste dae in die vlees gebaar het,
U wat uit die beginlose Vader gebore is,
aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy uitgeroep: “Wee my! Allergeliefde Kind!
Hoe het die Hebreër-volk U vergeld?
Maar staan op en red as God die hele wêreld
uit die hand van die vernietiger.”

Kontakion – Toon 3 (Ἡ Παρθένος σήμερον)

Soos in ’n vurige wa het jy deur die deugde opgestyg
en jou na die hemelse woninge gehaas, o Goddraende,
’n engel wat saam met mense lewe
en ’n mens wat met die engele omgaan.
Daarom is jy, Theodorus,
as heilige vat van wonders bewys.

Sinaksarion

Op die 22ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Theodorus van Sykeon, Biskop van Anastasiopolis.

Verse. Aan sowel Theodorus as die oorskot van Theodorus
is die groot gawe van wonderdoening deur God gegee.

Op die 22ste het die graf die Sykeoot bedek.

Op dieselfde dag is die Heilige Martelaar Nearchos deur vuur vervolmaak.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Apostel Nataniël, d.w.s. Simon die Seloot, asook die herdenking van sy kennismaking met Christus.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm u oor ons. Amen.

**Menaion April 23 Die Heilige Grootmartelaar Joris die Segetekendraer**
**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By "Heer, ek het U aangeroep…" maak ons voorsiening vir 6 verse en sing die volgende stigiere.

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Ons kom vandag byeen,
segetekendraer Joris,
om jou te prys as edelmoedige onder martelare,
want jy het die wedloop voleindig
en die geloof behou,
en jy het jou oorwinnaarskroon van God ontvang;
smeek Hom dat hulle
wat jou immer-gedenkwaardige gedagtenis getrou eer,
verlos mag word van gevare en bederf.

Met 'n kragtige ingesteldheid, o glorieryke Joris,
het jy jou, soos 'n leeu, met oortuiging tot die stryd gewend.
Jy het jou liggaam veronagsaam as iets wat gaan vergaan,
maar wyslik jou onverganklike siel versorg.
En deur velerlei vorme van foltering is jy gelouter,
soos goud wat sewe maal gesuiwer is.

Jy het saam met die Verlosser gely,
o glorieryke Grootmartelaar Joris,
en ná jy uit vrye wil deur jou dood sy dood nagevolg het,
heers jy op luisterryke wyse saam met Hom,
deur jou bloed met stralende purper beklee,
deur die septer van jou stryde getooi
en tot in die eindelose ewigheid deur jou oorwinningskroon onderskei.

Deur die borswering van geloof, o Joris,
die skild van genade en die lans van die Kruis verskans,
het jy oninneembaar vir jou teenstanders geword,
en ná jy soos 'n heilige aanvoerder
die slagordes van die demone omvergewerp het,
dans jy saam met die Engele
en met sorg heilig en behoed jy die gelowiges
wanneer jy aangeroep word.

Ons ken jou as helder ster,
wat soos 'n son in die uitspansel straal.
As baie kosbare pêrel,
glansende juweel, en as seun van die dag,
as 'n edelmoedige onder Martelare,
en as kampvegter van die gelowiges in gevare,
loof ons wat jou gedagtenis vier, jou, o segetekendraer Joris.

Bewaar my wanneer ek op see vaar,
wanneer ek op weg gaan en snags wanneer ek slaap,
behoed my wanneer ek ontwaak, alsalige Joris,
en maak my waardig om die Here se wil te doen,
sodat ek wat my na jou beskutting gehaas het,
op die oordeelsdag vergifnis mag verkry
vir wat ek tydens my lewe gedoen het.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Toon 6

Jy het op ’n wyse wat jou naam waardig is, geleef, o stryder Joris.
Want ná jy die kruis van Christus op jou skouers geneem het,
het jy die aarde wat deur duiwelse dwaling verdor is, bewerk,
die stekelige godsdiens van die afgode ontwortel,
en die wingerdstok van die Ortodokse Geloof geplant.
Daarom laat jy genesinge opwel vir die gelowiges van oor die hele wêreld,
en is jy as regverdige landbouer van die Drie-eenheid bewys.
Ons smeek jou, bid om vrede vir die wêreld
en die redding van ons siele.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Vir die Fees (van Pasga)

**Die lesing uit die Profesie van Jesaja** (43:9-14)

So spreek die Here: Al die nasies het saam vergader, en hulle heersers sal vergader. Wie sal hierdie dinge onder hulle verkondig of wie sal ons die dinge van die begin af bekend maak? Laat hulle hul getuies bring, en laat hulle in die gelyk gestel word; en laat hulle die waarheid praat. Wees júlle my getuies, en Ek is ’n getuie, die Here God, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit EK IS--voor My was geen God nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. Ek is God, en daar is niemand wat red buiten Ek nie. Ék het verkondig en verlos en berispe en daar was geen ander god onder julle nie; en julle is my getuies, en ook Ek die Here God, dat Ek van die begin af is en dat daar niemand is wat uit my hand wegneem nie; Ek sal werk, en wie sal dit omkeer? So sê die Here God, wat ons verlos, die Heilige van Israel.

**Die lesing uit die Wysheid van Salomo** (3:1-9)

Die siele van die regverdiges is in die hand van God, en geen kwelling sal hulle aanraak nie. In die oë van die dwase het dit gelyk of hulle gesterwe het, en hulle vertrek is as ’n nederlaag beskou, en hul weggaan van ons as hul vernietiging, maar hulle verkeer in vrede. Want al is hulle volgens die waarneming van mense gestraf, is hul verwagting vol onsterflikheid. En hoewel hulle in ’n geringe mate getugtig is, sal hulle groot weldade ervaar, omdat God hulle beproef het en bevind het dat hulle Hom waardig is. Soos goud in die smeltkroes het Hy hulle getoets, en soos

heeloffers het Hy hulle aanvaar. En in die tyd van hul besoeking sal hulle vlam vat en soos vonke deur ’n stoppelland trek. Hulle sal nasies oordeel en oor volke heers en die Here sal vir ewig oor hulle regeer. Hulle wat hul vertroue in Hom gestel het, sal waarheid verstaan, en die gelowiges sal in liefde by Hom bly, want genade en barmhartigheid is onder sy heiliges, en besoeking onder sy uitverkorenes.

**Die Lesing uit die Wysheid van Salomo** (5:15-23; 6:1-3)

Die regverdiges leef tot in ewigheid, en hul beloning lê in die Here, en hul versorging kom van die Allerhoogste. Daarom sal hulle ’n sierlike paleis en ’n skone hoofband uit die hand van die Here ontvang, want met sy regterhand sal Hy hulle beskut en met sy arm hulle beskerm. Hy sal sy ywer as sy volle wapenrusting neem, en die Skepping bewapen om die vyande af te weer. As borswering sal Hy Hom met geregtigheid beklee, en ongeveinsde oordeel sal Hy as helm opsit. Hy sal heiligheid as ’n onoorwinlike skild neem, en streng toorn as ’n swaard skerp maak. Die skepping sal saam met Hom die stryd voer teen die dwases, goed-gemikte weerligstrale sal uitgaan, en sal van die wolke na hul teiken spring soos van ’n gebuigde boog, en haelstene gevul met toorn sal soos uit ’n steenslinger gewerp word. Die water van die see sal toornig teenoor hulle wees, en die riviere sal hulle meedoënloos oorspoel. ’n Sterk wind sal hom teen hulle opstel, en hulle soos ’n orkaan verbrysel, en wetteloosheid sal die hele aarde verwoes, en boosdoenery sal die trone van heersers omverwerp. Luister, daarom, o konings, en wees verstandig en leer, regters van die eindes van die aarde, hoor julle wat oor menigtes beskik, en trots is op jul menigte van volke, want jul mag is deur die Here aan julle gegee, en jul heerskappy is van die Allerhoogste.

Litie

Toon 1

Die stralende held Joris
het deur sy glorieryke stryd die hemelse magte verbly
en terwyl hy nou saam met hulle vereer word,
het hy vir die gelowiges ’n fees op aarde ingestel,
en het hy as dienaar van Christus gekom
om saam met ons wat om sy ontwil vergader het, fees te vier.
Laat ons hom daarom op gepaste wyse vereer,
daar hy sonder ophou tot die God van almal bid
dat sy groot barmhartigheid ons geskenk mag word.

Deur die heldedade van jou worstelinge het jy die betere dinge verbou
en die vrugte van jou smarte aan Christus opgedra,
o allersalige albesonge Martelaar Joris.
Ná jy verlange deur geloof daargestel
en vrees deur geloof afgeweer het,
het jy die hemelse dinge deur liefde bekom.
Daarom, daar jy die vrymoedigheid het,
vra deur jou welgevallige gebede
om vrede vir ons siele, versoening van sondes
en sy groot barmhartigheid.

O Joris, soldaat van die groot Koning,
verheug jou en wees bly, want jy het God behaag.
Deur op alles neer te sien,
het jy die ewige lewe in die hemele gevind.
Want jou liggaam verdryf alle siektes uit die mensdom.
Want Hy na wie jy verlang het,
Christus self, verheerlik jou, o salige.

Toon 4

Kom, o liefhebbers van die Martelare,
laat ons liriese lofsang opdra
aan Christus wat uit die graf opgestaan het.
Want vandag het ’n geestelike lente vir ons aangebreek,
wat die geestelike blomme tot volle wasdom bring,
naamlik die wêreldwye gedagtenis aan die wyse Grootmartelaar Joris.
Wanneer ons sy littekens in herinnering roep,
verwerf ons fonteine van genesing.
Laat ons hom nou ook smeek
om sonder ophou tot Christus ons Heiland te bid,
dat Hy die wêreld vrede en ons siele sy groot barmhartigheid sal skenk.

Klap die hande, al die nasies.
Laat ons juig tot God ons Verlosser.
Want toe Hy aan die Kruis verhef is
en in die graf neergedaal het,
het Hy die Doderyk beroof
en die dooies saam met Hom opgewek,
wat tot Hom roep:
Halleluja, Halleluja, Halleluja,
aan Christus wat opgestaan het.

O kroondraende Joris,
jy het ’n krans van heerlikheid om jou hoof gebind.
Want soos Paulus uitroep,
het jy, toe jy die onsigbare vyand gewaar, standvastig gebly
en ’n oorwinnaar oor sy dwaling geword.
Halleluja, Halleluja, Halleluja,
aan Christus wat opgestaan het.

O liefhebbers van die Martelare,
laat ons saam dans en ’n hooglied aan Christus opdra.
Want die edele Stryder het die vyandige tiran laat struikel
en hom neergewerp.
Laat ons almal daarom met nimmerswygende stemme sing:
“Eer aan u ontsagwekkende Opstanding, o Heiland,
waardeur U die wêreld gered het.”

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 2 – deur Johannes die Monnik

Salomo het gesê:
“Laat die oë van sterwelinge reg bevel gee,”
want hy het geprofeteer:
“Hy wat reg kyk, sal barmhartigheid van Christus ons God ontvang.”
Jy het geredelik daaraan aandag geskenk, o veelstrydende Joris,
en die leringe van die Meester nagevolg.
En toe jy aan die wetteloses oorgelewer is,
het jy standvastig gebly,
omdat jy die offerplegtighede van die dwaling as onheilig verag het.
Om die liefde van jou Skepper se ontwil,
is jou hele liggaam se lede een vir een afgekap.
En tog was dit eerder Belial wat geheel beskaam en verwond is,
toe hy jou kroondraend en in volle krag sien.
Daarom, waar jy in die woning van jou Here woon,
bid saam met die hemelse magte tot Christus, o Oorwinnaar,
dat ons siele gered mag word.

Apostiga - Toon 4 (Ὁ ἐξ ὑψίστου κληθεὶς)

Die volkere loof jou albesonge gedagtenis
met psalms en gesange, o Martelaar Joris,
daar dit eervol en ligbrengend voort gestraal het,
getooi met heerlikheid en genade.
Daarom spring ook die Engele-ordes nou,
die Martelare en Apostels klap hande vir die pryse van jou worstelinge
en hulle besing die Heiland Christus ons God wat jou verheerlik het.
Smeek Hom om ons siele te red en te verlig.

Vers. Die regverdige sal bloei soos ’n palmboom; soos ’n seder op die Libanon sal hy groei.

Met die volle wapenrusting van Christus beklee, o Joris,
is jy gevind deur hulle wat jou nie gesoek het nie,
toe jy om Christus se ontwil verbrand is
en die sielsvernietigende dwaling van die ydele gode gehoon het.
Toe het jy ook teenoor die wetteloses uitgeroep:
“Ek voer die stryd vir Christus my Koning,
en nóg wilde diere, nóg folterwiele, nóg vuur, nóg swaard
kan my skei van die liefde van Christus ons God nie.”
Smeek Hom om ons siele te red en te verlig.

Vers. Wat die heiliges in sy land betref, die Here het sy hele wil wonderbaar onder hulle gemaak.

O kroondraende Joris.
jy het neergesien op die veelvormige instrumente,
veelvuldige folteringe en vreeswekkende katapult,

en die wedloop van reggelowigheid as martelaar voltooi.
Daarom bekrans ons jou hoogheldere gedagtenis met blomme wat uit liedere bestaan
en omhels ons jou eerwaardige relieke met geloof.
Maar daar jy ligdraend by die troon van Christus ons God staan,
smeek Hom om ons siele te red en te verlig.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon - Toon 4 deur die Studiet

Laat ons, broeders, op geestelike wyse
die geestelike onbuigbaarheid van volharding loof,
naamlik Joris, die albesonge Martelaar.
Gevare het hom wat om Christus ontwil verbrand is, gesmee,
folteringe het hom gebrei
en allerlei strawwe het sy liggaam wat van nature verganklik is, vernietig.
Want verlange oorreed die minnaar
om deur die dood die natuur te bowe te gaan
op weg na die beminde, Christus ons God,
die Verlosser van ons siele.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Apolitikion – Toon 4

As bevryder van gevangenes,
en beskermer van armes,
geneesheer van siekes, verdediger van konings,
o segetekendraer, grootmartelaar Joris,
bid tot Christus God dat ons siele gered mag word.

**April 23 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Eerste Psalmlesing - Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Kyk, die lente van genade het aangebreek,
die Opstanding van Christus het oor almal gestraal,
en nou straal die alfeestelike, ligbrengende dag van Joris die Martelaar daarmee saam.
Kom almal, laat ons almal met feesgewaad,
met vreugde en met God vervul, feesvier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees

Kathisma ná die Tweede Psalmlesing – Toon 3 (Θείας πίστεως)

Brandend met vurige verlange na die Meester,
o alsalige segetekendraende glorieryke Martelaar Joris,
het jy manmoedig die stoorkamers van die dwaling omvergewerp
en Christus in die arena bely.
Smeek Christus ons God om ons sy groot barmhartigheid te skenk.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees

Kathisma ná die Polyeleos – Toon 4 (Κατεπλάγη Ἰωσὴφ)

Ná jy met sorg die saad van God se gebooie verbou het,
het jy al jou rykdom reggelowig onder die armes uitgestrooi
en die heerlikheid van Christus in ruil daarvoor ontvang, o glorieryke.
Daarom het jy met vertroue na jou worstelstryde en langdurige smarte gegaan
en het jy, o Martelaar Joris, ’n deelgenoot geword
aan die lyding en Opstanding van Hom wat sonder hartstog is,
en deelname verkry aan sy koninkryk,
waar jy nou vir ons bid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees

Die Eerste Antifoon van die Bedevaartsliedere, oftewel Anavathmi, in Toon 4

Van my jeug af voer baie hartstogte die stryd teen my;
maar help en red U my, my Heiland. (herhaal)

Mag julle wat Sion haat, deur die Here beskaam word;
Want julle sal verdor soos gras deur die vuur. (herhaal)

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
Deur die Heilige Gees ontvang elke siel die lewe,
en deur reiniging verhewe, word dit verhelder
deur die Drie-enige Eenheid in ’n heilige misterie.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Deur die Heilige Gees wel strome genade op;
dit bevogtig die hele skepping om lewe voort te bring.

Prokimenon - Toon 4

Die regverdige sal bloei soos ’n palmboom; soos ’n seder op die Libanon sal hy groei.

Vers. Geplant in die huis van die Here, sal hulle bloei in die voorhowe van ons God.

Diaken* Laat ons bid tot die Heer**.**

**Volk** **Heer, ontferm U.**

Priester Want heilig is U ons God en U rus in die Heiligdom en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**
**Laat alles wat asem het die Here Loof.** (3X)

Priester En dat ons waardig geag mag word om te luister na die Heilige Evangelie, laat ons bid tot die Here God.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x)

Priester Wysheid. Laat ons opstaan. Laat ons luister na die Heilige Evangelie. Vrede vir almal.

**Volk** **En vir u gees.**

Priester Die Lesing uit die heilige Evangelie volgens Lukas (21:12-19)

**Volk** **Eer aan U, o Heer, eer aan U.**

Priester Laat ons aandag gee.

Die Here het vir sy dissipels gesê: Pasop vir die mense; hulle sal die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam. En dit sal vir julle uitloop op ’n

getuienis. Neem julle dan in jul harte voor om nie vooraf oor jul verdediging te dink nie. Want Ek sal aan julle woorde en wysheid gee wat al julle teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie. Maar julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende, en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam. En geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie. Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry.

**Volk** **Eer aan U, o Heer, eer aan U.**

(Nou dat ons die Opstanding van Christus aanskou het….)

Psalm 50

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

Want ek ken my ongeregtigheid, en my sonde is altyd voor my.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in u oë, sodat U geregverdig mag word deur u woorde, en U mag oorwin wanneer U geoordeel word.

Want kyk, in ongeregtighede is ek ontvang, en in sondes het my moeder my gebaar.

Want kyk, U het waarheid liefgehad, die geheime en verborgene van u wysheid het U aan my bekend gemaak.

U sal my besprinkel met hisop, en ek sal gereinig word; U sal my was en ek sal witter word as sneeu.

U sal my vreugde en blydskap laat hoor; die vernederde gebeentes sal jubel.

Wend u aangesig van my sondes af, en wis al my ongeregtighede uit.

Skep in my 'n rein hart, o God, en gee opnuut 'n opregte gees in my binneste.

Verwerp my nie van u aangesig nie, en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Gee my weer die vreugde van u heil, en versterk my deur u bestierende Gees.

Ek sal wetteloses u weë leer, en die goddeloses sal hulle tot U wend.

Red my van bloedskuld, o God, God van my heil; my tong sal jubel oor u geregtigheid.

Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig.

Want as U 'n offer verlang het, sou ek dit gegee het; in brandoffers sal U geen behae hê nie.

’n Offer aan God is ’n verbryselde gees; ’n verbryselde en vernederde hart sal God nie verag nie.

Doen goed, Here, aan Sion in u welbehae, en laat die mure van Jerusalem gebou word.

Dan sal U ’n welbehae hê in ’n offer van geregtigheid, in offergawe en brandoffers; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 2

Deur die gebede van die Oorwinnaar, o Barmhartige, wis my baie oortredinge uit.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Deur die gebede van die Theotokos, o Barmhartige, wis my baie oortredinge uit.

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit.

Toon 6

Vandag word die hele wêreld met die strale van die Oorwinnaar verlig
en Christus se Kerk, met blomme versier, roep tot jou uit, o Joris:
O Dienaar van Christus en allervurige beskermer,
laat nie na om vir ons by die Here te bid nie.

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanons (wat nog vertaal moet word)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Deur op reggelowige wyse dapper dade te verrig,
het jy die dwaling van goddeloosheid neergewerp,
en die oormoed van die vyand vertrap, o Martelaar.
Want brandend met Goddelike ywer in jou gees,
het jy die goddelose verwaandheid van die tiranne geblus.
Daarom het jy tereg as beloning vir jou folteringe ’n kroon ontvang
en verleen jy genesinge, o Oorwinnaar Joris.
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortredinge sal skenk
aan hulle wat jou heilige gedagtenis met liefde vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Ná jy op aarde jou aardse rykdom aan almal uitgedeel het, o wyse Martelaar,
het jy die hemelse rykdom deur jou arbeid geërf.
Want jy het die Onbevlekte Kruis as borswering op jou geneem
en daardeur die oormoed van die tiranne beskaam.
Daarom verleen jy deur jou voorbidding Goddelike gawes
en genadegawes van genesing
aan hulle wat jou daarom vra, o Oorwinnaar Joris.
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortredinge sal skenk
aan hulle wat jou heilige gedagtenis met liefde vier.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen

Van die Fees

Kontakion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς ἐν τῷ Σταυρῷ)

Ná jy deur God verbou is,
is jy as ’n aller-eerwaardige verbouer van reggelowigheid bewys,
en het jy vir jouself die gerwe van die deugde versamel.
Want ná jy met trane gesaai het,
maai jy met vreugde.
En ná jy ten bloede gestry het, het jy Christus verkry,
en deur jou gebede, o Heilige,
skenk jy aan almal vergewing van oortredinge.

Ikos

Verlangend na Christus die Koning wat sy lewe vir die lewe van die wêreld afgelê het,
haas die soldaat, die grote Joris, hom om vir Hom te sterwe.
Want daar hy Goddelike ywer in sy hart bekom het, het hy homself opgeoffer.
Daarom besing ook ons hom met geloof as ons vurige beskermer,
as ’n glorieryke dienaar van Christus wat duidelik sy Meester navolg
en Hom vra om aan almal vergewing van oortredinge te skenk.

Sinaksarion

Op die 23ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige, glorieryke Grootmartelaar Joris die Segetekendraer.

Verse. Joris wat die vyande in gevegte neervel,
word uit vrye wil deur sy vyande met die swaard neergevel.

Op die 23ste het die swaard Joris se nek getref.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Valerius.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare, die Aanvoerders Anatolius en Protoleon.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Athanasius die voormalige Towenaar.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Glykerius die landbouer.

Op dieselfde dag is die Heilige Donatus en Therinus deur die swaard vervolmaak.

Deur die gebede van u Heiliges, o God, ontferm U oor ons. Amen.

Eksapostilarion – Toon 2 (Τοῖς Μαθηταῖς συνέλθωμεν)

Die stralende en Goddelike Opstanding van die Meester
het as ’n lente oor ons uitgestraal
wat ons vanaf die aarde na die hemelse Pasga lei,
en die glansende gedagtenis
van die alglorieryke Martelaar Joris straal daarmee saam.
Laat ons dit met vreugde vier,
sodat ons deur Christus die Verlosser
Goddelike genade waardig geag mag word.

Die Lofpsalms

Vir die Grootmartelaar Joris – Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Nou dat ons almal
die alfeestelike, stralende en glorieryke Opstanding gevier het,
kom laat verder die stralende fees van die Martelaar Joris vier
en hom bekrans met lentebloeisels,
daar hy onoorwonne is,
sodat ons deur sy smekinge
verlossing van verdrukkinge sowel as van oortredinge mag bekom.

O Alsalige, jy het jou geheel en al,
as lewende, besielde heelvrugoffer
en aanvaarbare, allerreine offergawe opgedra,
aan Hom wat jou sy hele lewe geskenk het.
Daarom het jy ’n allervurige voorbidder geword
wat almal van die storm bewaar
wat jou met geloof besing en aanroep, o Martelaar Joris.

Jy het die saad van die woord
wat in jou reine siel laat val is, sorgvuldig bewerk
en dit deur die smarte van jou stryd vermenigvuldig
en ná jy dit wyslik in die hemelse skure weggelê het,
het jy suiwer behae gevind.
Terwyl jy nou daarvan gebruik maak, o Salige,
behoed deur jou smekinge by God
hulle wat jou getrou besing.

Oorwinnende Martelaar van Christus,
red deur jou gebede hulle wat in allerlei nood verkeer,
verlos hulle van alle moeilike omstandighede,
verdryf sielsvernietigende, aaklige moedeloosheid
en vra om genade en barmhartigheid vir ons,
sodat ons almal, gered deur jou smeekbedes,
met vreugde jou eerwaardige worstelinge mag vier, o Joris.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon – Toon 5 – deur Theofanes

Die lente het aangebreek,
kom laat ons dit geniet,
die Opstanding van Christus het voort gestraal,
kom laat ons ons verheug.
Die gedagtenis van die Oorwinnaar wat die gelowiges verheug, is geopenbaar.
Kom daarom, julle wat 'n behae in die feeste het,
laat ons dit op mistieke wyse vier,
want hy het soos 'n goeie soldaat
hom dapper teen die tiranne gedra en hulle beskaam,
en toe hy 'n navolger van die Verlosser Christus se lyding geword het,
het hy hom nie oor sy eie vat van klei ontferm nie,
maar dit nakend opnuut gesmee en deur folteringe omvorm.
Laat ons tot hom uitroep:
"O Oorwinnaar, smeek dat ons siele gered mag word."

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 5

Dit is die dag van die Opstanding.
Laat ons straal met die vreugde van die Fees.
Laat ons mekaar omhels
Laat ons "Broeders" sê ook vir hulle wat ons haat,
en laat ons alles vergewe deur die Opstanding,
en so laat ons roep:
"Christus het opgestaan uit die dode,
die dood deur die dood vertrap,
en aan die in die grafte die lewe geskenk."

Dan:

Christus het opgestaan uit die dode,
die dood deur die dood vertrap,
en aan die in die grafte die lewe geskenk. (drie maal)

Dan die Groot Doksologie en Wegsending.

**Menaion April 24 Ons Heilige Moeder Elisabet die Wonderdoener.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Heilige – Toon 8 (Οἱ Μάρτυρές σου Κύριε)

Daar jy met die inspanning van askese volhard het,
het jy die genade ontvang om siektes van gees en liggaam te verjaag,
geeste te verdryf, o eerwaardige Moeder,
en om almal wat in verdrukking verkeer, te beskerm.
Vra daarom in jou gebede om sterkte en groot barmhartigheid vir almal.

Die stof van jou relieke
laat herstel van gesig vir blindes opwel,
en skenk genesing aan almal wat krank is
en hulp aan hulle wat jou met geloof nader en daarom vra,
o bewonderenswaardige Moeder Elisabet.
Vra daarom in jou gebede om sterkte en groot barmhartigheid vir almal.

O eerwaardige Godsalige, Moeder Elisabet,
jy het medelye en die Ortodokse geloof beoefen,
asook liefde teenoor die Heer en jou naaste.
Daarom het die Goddelike genade van die Gees op jou kom rus.
Vra daarom in jou gebede om sterkte en groot barmhartigheid vir almal.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion van die Fees.

Apostiga en Stigiere van die Fees.

Apolitikion – Toon 8 (Ἐν σοὶ Μῆτερ ἀκριβῶς)

In jou, o Moeder, is die beeld van God waarlik bewaar,
want jy het die Kruis opgeneem en Christus gevolg.
So het jy ons geleer om die verganklike vlees te veronagsaam,
maar om te sorg vir die siel, wat onsterflik is.
Daarom, o heilige Elisabet,
is jou gees verheug saam met die Engele.

**April 24 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

Daar jy die inspanning van selfbeheersing gedra het,
het jy die genade van hartstogteloosheid en genesing ontvang,
o Elisabet wat deur God geïnspireer is,
om allerlei siektes te genees
en die werking van demone te verdryf.
O bewonderenswaardige, smeek Christus ons God
om ons sy groot barmhartigheid te skenk.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion van die Fees.

Sinaksarion

Op die 24ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Elisabet die Wonderdoener.

Verse. Toe Elisabet, die edele bruid, die aarde verlaat, o Woord van God,
het sy U, die edele Bruidegom, gesien.

Op die 24ste het Elisabet na die hemel gevaar.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Sawwas die bevelvoerder.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare, die sewentig soldate wat deur die heilige Sawwas gelowig geraak het en deur die swaard vervolmaak is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Pasicrates en Valentinus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Eusebius, Neon, Leontius, Longinus en vier ander.

Op dieselfde dag die Heilige Nuwemartelaar Doukas van Mitilini, die kleremaker, wat in 1564 deur ’n marteldood in Konstantinopel vervolmaak is, toe hy lewend afgeslag is.

Op dieselfde dag die Nuwemartelaar Nikolaas wat in 1776 in Magnesia deur ’n marteldood vervolmaak is, toe hy met stokke doodgeslaan is.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 25 Die Heilige Apostel en Evangelis Markus**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Apostel - Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

Laat ons, o gelowiges,
die skrywer van woorde wat van God spreek
en groot beskermer van Egipte besing, deur uit te roep:
O wyse Markus, lei ons almal as Apostel
deur jou leringe en gebede
na die lewe wat nie deur golwe oorspoel word nie.

Jy het 'n reisgenoot van die uitverkore werktuig geword
en saam met hom deur die hele Macedonië gegaan
en toe jy Rome bereik,
is jy as welgevallige vertolker van Petrus geopenbaar;
en ná jy op God-gepaste wyse gestry het,
het jy, alwyse Markus, in Egipte jou rusplek bereik.

Jy het verskroeide, dorre siele verkwik
deur die glinsterende sneeuvlokke van die Evangelie.
Daarom vier en loof Alexandrië vandag met vreugde
jou gedagtenis saam met ons
en vereer sy jou relieke, Heilige Markus.

Ander stigiere – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O allersalige Markus,
jy het van die stroom van behae gedrink,
en soos 'n baie beroemde rivier van vrede uit Eden ontspring,
wat die aangesig van die aarde
met die waters van die Evangelie-verkondiging bespoel
en die Kerk se geledere met dogmas wat deur God geïnspireer is, benat.

O Albefaamde Markus,
Moses het van ouds die Egiptenare in die see laat verdrink,
maar jy, alwyse, het hulle,
deur die krag van Hom wat met 'n liggaam onder hulle kom woon
en hul handgemaakte afgode met sy verhewe arm vernietig het,
uit die see van dwaling opgetrek.

O Alheilige Markus,
daar jy met die lig van die Gees omgegaan het,
het jy heeltemal geestelik geword,
en nou dat jy,
deur jou onophoudelike neerbuigings in gebed tot die Meester
en deur die allersalige verligtinge,
deur aanneming vergoddelik is, o Alsalige,
het jy die hoofsaak van die geheimenis bereik,

asook die einde waar jy so na verlang het.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon - Toon 6

Genade is op jou lippe uitgegiet, o Apostel Markus,
en jy het 'n herder van Christus se Kerk geword,
daar jy die redelike skape leer
om in die eenwesenlike Drie-eenheid in een Godheid te glo.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Apostiga van die Apostel – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O Markus wat met die wysheid van God vervul is,
jy het die pen van 'n wyse, snelskrywende skrywer geword,
wat, deur God geïnspireer, oor Christus se vleeswording geskryf
en duidelik die woorde oor die lewe wat geen einde het nie, gespreek het.
Smeek dat hulle wat jou besing en jou glorieryke gedagtenis eer,
daarin ingeskryf mag word.

Vers. Oor die hele aarde het hul stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hul woorde.

O al-loflike Markus,
toe jy die Blye Boodskap oor Christus verkondig het,
het jy soos die son deur die hele wêreld gegaan,
en die hele duistere waansin van die veelgodedom
deur die strale van die geloof laat verdwyn.
Bid ook nou dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Vers: Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

O Apostel Markus,
jy het gepreek onder hulle waar die dwaasheid van goddeloosheid voorheen gedy het,
en deur die verligting van jou woorde, o alsalige herout van God,
die duisternis van die Egiptenare verdryf.
Bid ook nou dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon - Toon 8

Kom, laat ons almal met psalms en gesange Markus loof,
die herout van die hemelse openbaring en verkondiger van die Evangelie.

Want hy is geopenbaar as rivier van die noëtiese Paradys,
daar hy die landerye van die siel met hemelse reënbuie natlei
en dit vir Christus ons God vrugbaar maak,
hy wat aan almal deur sy gebede versoening en groot barmhartigheid skenk.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Apolitikion – Toon 3

Heilige Apostel en Evangelis Markus,
bid tot die barmhartige God,
dat Hy die vergewing van sondes
mag skenk aan ons siele.

**April 25 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Toe jy die hoogte van die deugde bestyg het, o Heilige Markus,
het jy ’n herout van God geword,
en tot ons die groot geheimenisse van verlossende dogmas laat dreun.
Daarom smeek ons jou met geloof, o Al-salige,
bevry ons van alle verdrukking, sondes en gevare.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Daar die Kerk jou as groot ster bekom het, o glorieryke,
word sy deur die strale van jou lering verlig
en roep sy jou toe:
Verheug jou, alsalige Apostel van die Heer.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Kontakion – Toon 2 (Τὰ ἄνω ζητῶν)

Daar jy die genade van die Gees uit die hoogte ontvang het,
het jy die strikvrae van die redenaars vernietig, o befaamde Apostel Markus.
Jy het al die nasies in jou net gevang
en hulle deur die verkondiging van die Heilige Evangelie
aan die Meester toegebring.

Ikos

Jy was ’n dissipel van die Leierapostel
en deur saam met hom Christus as Seun van God te verkondig,
het jy hulle wat in dwaling gewankel het, op die rots van die waarheid gevestig.
Vestig ook my daarop en rig die skrede van my siel,
sodat ek van die strikke van die vyand verlos mag word en jou sonder verhindering kan verheerlik.
Want jy het almal verlig, wyse Markus,
deur die verkondiging van die Heilige Evangelie.

Sinaksarion

Op die 25ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Apostel en Evangelis Markus.

Verse. Toe hulle wat met moord besoedel is, Markus oor die grond sleep,

het hulle nie besef dat hulle hom hemel toe stuur nie.

Op die 25ste het die verstandloses Markus oor die grond gesleep.

Op dieselfde dag die Herinnering aan die wyding van die eerwaardige heiligdom van die Heilige, alomgeëerde Leierapostel Petrus, langs die allerheilige Groot Kerk.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges Makedonius, Patriarg van Konstantinopel.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelares Nike.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Ag Regverdige Martelare en Anachorete.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons. Amen.

Eksapostilarion – Toon 3 (Φῶς ἀναλλοίωτον Λόγε)

Ryk gemaak deur jou seunskap van die Apostel Petrus,
was jy daarna die eerste van almal
om die Evangelie vir die Egiptenare op skrif te stel ,
waardeur jy, o Markus, die wêreld verlig.

Die Lofpsalms

By die Lofpsalms maak ons voorsiening vir 4 verse en sing die volgende 3 stigiere van die Apostel, met herhaling van die eerste.

Stigiere van die Apostel – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

Laat die alvoortreflike Markus,
die stralende ligbaken van Egipte,
die alwyse herout van die Woord en heilige Evangelieskrywer,
deur ons met gesange en heilige liedere geloof word.
Want hy bid tot Christus
dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Herhaal: Laat die alvoortreflike Markus…

Jy het ’n skrywer van die heilige dogmas van Christus geword
en die hele aarde verlig, alwyse Apostel,
toe jy sy vleeswording, heilige lyding, eerwaardige opstanding
en opvaart na die Vader verkondig het,
en jy het die nasies na die kennis van die waarheid getrek.

Jy was ’n gehoorsame volgeling van die Heilige Petrus,
o Markus, alwyse Apostel van die Heer,
daar jy aan sy leringe gehoorsaam was.
Deur die genade van die Heilige Gees

het jy volke en die denke van die Egiptenare verlig en hul stad getooi.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon - Toon 6

Genade is op jou lippe uitgegiet, o Apostel Markus,
en jy het 'n herder van Christus se Kerk geword.
daar jy die redelike skape leer
om in die eenwesenlike Drie-eenheid in een Godheid te glo.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Die Groot Doksologie en die res van die Mettediens

**Die Veranderlike vir die Goddelike Liturgie**

**Kommunielied:** Oor die hele aarde het hul stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hul woorde. Halleluja.

**Menaion April 26 Die Heilige Hiëromartelaar Basilios, Biskop van Amasia**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Hiëromartelaar

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Deur die Goddelike wet versterk, allergrootste Salige,
het jy oor al die hartstogte geheers,
en daar jy jou rede duidelik volmag gegee
en 'n waardige metgesel van God geword het,
het jy die heilige salwing ontvang
en die redelike kudde voorgegaan,
o sieraad van Hoëpriesters en Stryders.

'n Wettelose koning het jou, o Basilios,
soos 'n ram van jou kudde geskei,
en toe hy sien dat jy Christus ons God,
wat soos 'n lam geslag is en sterwelinge gered het,
as koning verkondig,
het hy jou wederregtelik gedood,
en jou daardeur die koninkryk van die hemele en ewige roem verleen.

Op sonderlinge wyse, o beroemde Basilios,
het jy jou weg op die waters gebaan.
Want toe jy ná jou dood daarin gewerp is,
het jy soos jy voorspel het, vinnig gevaar
en jou aan jou stad Amasia terugbesorg
as 'n kosbare vrag, onbeskaamde voorbidder,
rivier van genesinge en reiniging van allerlei siektes.

Apolitikion van die Hiëromartelaar – Toon 4 (Καὶ τρόπων μέτοχος)

Jy het die Apostels se lewenswyse
en 'n opvolger van hul trone deelagtig geword, o God-geïnspireerde;
jy het die manier van doen gevind
wat toegang gee tot die hoogtes van kontemplasie.
Daarom sny jy die woord van die waarheid reg aan,
en het jy in die geloof die stryd ten bloede gestry.
O Hiëromartelaar Basilios,
bid tot Christus ons God
dat ons siele gered mag word.

**April 26 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

Ná jy die godlose storm van die afgode se dwaling ontvlug het, o Ingewyde,
en deur die swaard getref in die see verdrink het.
het jy die hawe waar daar nie golwe is nie, bereik,
en daar jy jou vir ewig daarin verheug, Heilige Vader,
smeek Christus ons God om ons sy groot barmhartigheid te skenk.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Sinaksarion

Op die 26ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Hiëromartelaar Basilios, Biskop van Amasia.

Op dieselfde dag is die Heilige Glafira in vrede vervolmaak.

Op dieselfde dag is die Heilige Justa in vrede vervolmaak.

Op dieselfde dag is die Regverdige Nestor wat sy ouers verlaat en 'n monnik geword het, in vrede vervolmaak.

Deur die gebede van u Heiliges, o God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 27 Die Heilige Hiëromartelaar Simeon, ’n familielid van die Heer.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Hiëromartelaar – Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Jy is as baie heilige priester bewys,
baie regmatige stryder, waaragtige familielid van die Skepper,
hoogwonderbare wonderdoener en ver-skynende ligbaken,
gids van dwalendes en onwankelbare suil van die eerwaardige Kerk,
erfgenaam van die hemelse koninkryk, o Simeon,
en gelyk in eer aan die Engele.

Ná veelsoortige smarte van die liggaam,
ná alle baie pynlike folteringe
en ná ontelbare worstelinge,
het jy ervaring van ’n kruis opgedoen, o wonderbare,
in navolging van Christus wat uit vrye wil gekruisig is.
Daarom vier ons vandag jou ligdraende gedagtenis, o Simeon,
en word ons in die sintuie van ons siele verlig.

Jy het op gewyde wyse
jou voortgang na die hemelse tempel gemaak,
deur jou heilige bloed bedrup, o salige,
en jy staan by die Drie-eenheid,
ryklik beskyn met die stralende lig wat daarvandaan voortkom, o Alsalige.
Daarom vier ons met vreugde jou heilige gedagtenis, o Simeon,
en ontvang ons deur jou gebede vergifnis van oortredinge.

Apolitikion van die Hiëromartelaar – Toon 1

Met gewydheid loof ons jou, o Hiërarg Simeon,
familielid van Christus en standvastige Martelaar,
omdat jy die dwaling vernietig en die geloof bewaar het.
Daarom ontvang ons deur jou gebede vergifnis van sondes,
wanneer ons vandag jou alheilige gedagtenis vier.

**April 27 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Jy is met die kledy van die hoëpriesterskap beklee,
deur die skoonheid van martelaarskap getooi
en waar jy met heerlikheid by God staan,
straal jy, deur die lig van die Drie-eenheid glansend gemaak.
Daarom smeek ons jou, o Hiërarg Simeon,
daar jy oor vrymoedigheid by God beskik:
Bid vir hulle wat jou met geloof vereer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Kontakion – Toon 2 (Τὰ ἄνω ζητῶν)

Jy het 'n burger van die hemelse Sion geword,
is die troon van die aardse Sion toevertrou
en ná jy jou kudde goed na die hemelse kraal gelei het,
is jy vir Christus gekruisig, o Simeon
in navolging van sy Goddelike lyding.

Ikos

Laat ons vandag die driemaal-salige Simeon loof,
wat uit die geslag van Abraham en uit die linie van Dawid kom,
die seun van Josef en familielid van Jesus,
omdat hy op grond van die noue verwantskap met Christus beroemd geword het,
deur die troon van die moeder van die kerke met heerlikheid getooi is,
en roemryk deur die bloed van martelaarskap in skoonheid toegeneem het.
Want ook hý is soos die Meester aan die kruis geheg,
in navolging van sy Goddelike lyding.

Sinaksarion

Op die 27ste van vandeesmaand, die Gedagtenis aan die Heilige Hiëromartelaar Simeon, Biskop van Jerusalem, familielid van die Heer.

Verse. Broederlik ly jy vir die Heer, o Simeon,
aan 'n kruishout gehang, as broer van die Heer.

Op die 27ste is Simeon aan 'n groot boom geheg.

Op dieselfde dag die Gedagtenis van ons Regverdige Vader, die Belyer Johannes, ab van die Klooster van die Reines.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Publius wat deur die swaard vervolmaak is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Evlogios die herbergier, wat in vrede vervolmaak is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Lollion die Nuwe, wat vervolmaak is toe hy oor die grond gesleep is.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 28 Die Heilige Nege Martelare van Cyzicus**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Martelare – Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O al-loflike Martelare van Christus,
toe die onkunde van die Grieke eens geheers
en almal na die afgronde van goddeloosheid gedring het,
het julle nie die ware weg versaak
en julle nie by die goddelose dinge aangesluit nie,
maar met manmoedigheid van gees het julle gestry
en toe julle deur die swaard gedood is, die lewe beërwe.

Laat ons met geloof Theognis, Rufus en Antipater eer,
asook Theostichus, Artemas, Magnus en Theodotus,
die beroemde Thaumasius en Heilige Filémon,
wat helder in die stryd gestraal
en hulle wat in duisternis verkeer, verlig het,
en laat ons hulle met lofsange salig noem,
wanneer ons met vreugde hul heilige gedagtenis vier.

O allerlieflike bos blomme van Martelare,
heilige slaglinie, menigte deur God versamel,
voortreflike byeenkoms, geselskap deur God verkore,
koor van Heiliges,
salige skare wat vir die Drie-eenheid gestry het,
smeek Hom om ons vergewing van oortredinge te gee,
asook vrede aan almal en groot barmhartigheid.

Apolitikion – Toon 4 (Οἱ Μάρτυρές σου Κύριε)

U martelare, o Heer, het deur hul worstelstryd
’n kroon van onsterflikheid van U, ons God, verwerf,
want met u krag het hulle die tiranne onttroon
en die kragtelose vermetelheid van demone verbreek.
Red ons siele, o Christus God, deur hul smekinge.

**April 28 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Daar jul deur Godskennis wys geword het
en met noëtiese wapens toegerus is,
het julle deur die Gees, jul lewe en optrede,
die rangordes van die vyand plat geslaan,,
en ná jul dood het julle na die lewe wat nie oud word nie
en die aandlose lig oorgegaan.
Daarom laat wel julle, o Oorwinnaars wat nege in getal is,
genesing vir almal op,
genees julle siektes en verdryf julle geeste.
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortredinge sal skenk
aan hulle wat jul heilige gedagtenis met liefde vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees.

Sinaksarion

Op die 28ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige nege Martelare van Cyzicus, Theognis, Rufus, Antipater, Theostichus, Artemas, Magnus, Theodotus, Thaumasius en Filémon.

Verse. Die nege manne wat onthoof is,
is ’n beeld van die nege onstoflike Ordes.

Op die 28ste is die nege uit ’n droewige lewe weggeneem.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Memnon die Wonderdoener.

Ons Heilige Vader Afxibios wat in vrede vervolmaak is.

Die verhaal van die wonder wat in Afrika, in die stad Carthagena, plaasgevind het.

Deur u onuitspreeklike mensliewendheid, o Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 29 Die Heilige Apostels Jason en Sosípater**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By "Heer, ek het U aangeroep…" sing ons die volgende stigiere.

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O glorieryke, alwyse Jason en Sosípater,
daar julle Christus liefgehad het,
aan Wie julle in jul siele verbind is,
het julle alle behaaglike dinge versaak,
in sy voetspore gevolg
en deur geloof met Hom omgegaan.
Bid tot Hom
dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

O Jason en Sosípater,
verlig my siel wat deur die hartstogte verduister is,
julle wat die aardse wêreld met jul Goddelike leringe bestraal het,
die duisternis van afgodery laat afneem het
en heel die menslike geslag, ná hul verlos is,
aan Christus ons God opgedra het.

O wyse Jason en Sosípater,
Christus God het julle gestuur om die verdwaaldes terug te roep
en deur jul leringe wat van Goddelike wysheid getuig,
het Hy almal tot verlossing gelei.
Bid nou tot Hom
dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Apolitikion van die Apostels – Toon 3

O Heilige Apostels,
bid tot die barmhartige God
dat Hy ons siele vergewing van oortredinge sal skenk.

**April 29 - Die Veranderlike van die Mettediens**

Kathisma na die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Laat ons, die gelowiges,
Jason en Sosípater op waardige wyse met gesange eer
as heilige ingewydes van die Heilige Drie-eenheid
en heroute van die Geloof,
sodat ons almal deur hul smeekbedes
barmhartigheid en Goddelike genade mag ontvang,
om op die regte tyd gehelp te word.

En van die Fees.

Kontakion - Toon 2 (Χειρόγραφον εἰκόνα)

Deur die dogmas van Paulus verlig, o driemaal-saliges,
het julle ligbakens van die wêreld geword.
Want julle verlig altyd die wêreld deur jul wonders,
o Jason, bron van genesinge,
en Sosípater, roem van Christus se Martelare.
O Goddraende Apostels,
beskermers van hulle wat in nood verkeer,
smeek God dat ons siele gered mag word.

Ikos

O Apostels wat God verkondig, heroute van reggelowigheid,
leermeesters en immer-eerwaardige beskermers van die reggelowiges,
waar julle by God staan, met Goddelike lig vervul is
en met krone getooi is, vra ons julle, verlig ons om op reggelowige wyse jul al-feestelike fees met lofgesange te vier.
Want ons is almal jul kudde, deur genade van die dwaling verlos,
maar daar julle beskermers van die gelowiges is, haas julle tot die Skepper
om met vrymoedigheid te bid dat ons siele gered mag word.

Sinaksarion

Op die 29ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Apostels uit die Sewentig, Jason en Sosípater.

Verse. Jason het die einde van die verganklike lewe bereik,
maar ook die ander lewe gevind wat geen einde het nie.

Toe u Sosipater sterf, Vader van God die Woord,
het U hom die heerlikheid van u aangesig getoon.

Op die 29ste het Jason die aarde verlaat.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die sewe Heilige Martelare, rowers wat deur die Apostel Jason tot geloof in Christus gekom het en vervolmaak is, toe hulle in 'n ketel kokende pik gegooi is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Kerkira, dogter van Koning Kerkillinos, wat vervolmaak is toe sy met pyle deurboor is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Zinon en Vitalius, wat deur vuur vervolmaak is.

Op dieselfde dag is die Heilige Martelaar Eusebius deur vuur vervolmaak.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus ons God, ontferm U oor ons. Amen.

Eksapostilarion

Die al-ligtende en heilige fees van die Apostels
roep die menigte inwoners van Kerkira op tot 'n feesmaal.
Kom almal, word met geestelike blydskap vervul.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 30 Die Heilige Jakobus, broer van die Heilige Apostel Johannes die Teoloog**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By "Heer, ek het U aangeroep…" sing ons die volgende stigiere van die Apostel Jakobus.

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O salige God-aanskouende Jakobus,
jy het dadelik die stem van die Woord ontvang
en jou nie oor jou vader se versorging
of jou verbintenis met hom bekommer nie.
Want jy het die onrus van die lewe versaak,
na die geestelike see oorgegaan
en dit in beroering gebring, o Allergodsalige,
deur jou reggelowige leringe en bo-wêreldse donderslae.

O alsalige Jakobus, in jou handeling
het jy die Woord, die leidsman van die lewe en toekomende ewigheid, gedien,
en die algoddelose Israel waarlik van sy eersgeboortereg beroof,
omdat hy die buik as God beskou het.
Jy het sy plek ingeneem
en hom van sy vader se beskutting en seën ontdaan,
en hom sonder 'n aandeel aan sy erfenis gelaat.

Jy is nou as vors oor heel die aarde aangestel, o Glorieryke,
soos daar oor jou geskrywe is,
toe jy 'n dissipel geword het van Hom wat alles gemaak het,
en deur jou allerhartstogtelike ywer, o Alwyse,
het jy 'n swaard-dood aan die hand van wetteloses verduur,
en so is jy eerste uit die vergadering van jou twaalf mededissipels weggeneem, o Salige.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon – Toon 8

Jy was die eerste uit die Godgekose twaalftal om vir jou Leermeester
'n swaard-dood aan die hand van Herodus te verduur,
die eerste om sy beker te drink, soos jy beloof het.
Daarom het die Mensliewende jou saam met jou broer
as mede-erfgenaam van sy Koninkryk aanvaar,
en bid julle vir ons siele.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees van Pasga

By die Apostiga, die stigiere van die Fees van Pasga

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 1

O Apostel en Martelaar Jakobus,
Godgekose skaap van die Goeie Herder,
waar jy in die hoogste hemele met jou broer genoegdoening vind,
vra om vergifnis van sondes en groot barmhartigheid
vir hulle wat jou eerwaardige gedagtenis vier.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees van Pasga.

Apolitikion – Toon 3

O Heilige Apostel Jakobus,
bid tot die barmhartige God,
dat Hy vergewing van oortredinge aan siele sal skenk.

**April 30 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Jy het Christus se dissipel geword, o wyse,
en sy beker gedrink soos Hy vir jou gesê het,
toe jy deur die swaard gedood is, o salige Apostel Jakobus.
Daarom dans die hele Kerk
wanneer dit jou alheilige gedagtenis vier,
waartydens ons jou loof.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen

Van die Fees van Pasga.

Kontakion – Toon 2 (Τὰ ἄνω ζητῶν)

Toe die Goddelike stem jou roep,
was jy daaraan gehoorsaam,
het jy die liefde van jou vader oor die hoof gesien,
o glorieryke Jakobus,
en jou saam met jou broer na Christus gehaas,
saam met wie jy ook waardig geag is
om die Heer se Goddelike Verheerliking te aanskou.

Ikos

As visser van redelike visse, o Driemaal-salige,
trek met die net van jou eerwaardige gebede my armsalige siel
wat lankal deur die genietinge van die lewe gevang is,
op uit die diepte van my oortredinge,
sodat ek standvastig die res van my lewe mag deurloop,
jou naam mag besing en jou onberispelike lewe mag verheerlik
wat jy op aarde volvoer het en waardeur jy waardig geag is
om op die berg die Heer se Goddelike Verheerliking te aanskou.

Sinaksarion

Op die 30ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige glorieryke Apostel Jakobus, broer van die Heilige Johannes die Teoloog.

Verse. Soos ’n skaap is Jakobus ter slagting gelei,
terwyl hy die woorde van reggelowigheid herkou.

Op die 30ste het ’n moord-swaard Jakobus gedood.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Clemens die Digter.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Maximus.

Op dieselfde dag die herwinning van die relieke van die Heilige Hiëromartelaar Basilios, biskop van Amasië

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Donatus, Biskop van Ewria.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor ons. Amen.

Eksapostilarion – Toon 2 (Τῶν Μαθητῶν ὁρώντων σε)

Toe jy ’n dissipel geword het, o Jakobus,
van die Woord wat deur sy goedhartigheid vlees geword het,
is dit geopenbaar dat jy as een van die koor van leiers getel word.
Smeek saam met hulle by Christus
ten behoewe van ons wat jou alheilige gedagtenis eer.

Die Lofpsalms

Stigiere van die Apostel - Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσι)

Met die hengelstok van genade,
o bewonderenswaardige Jakobus
het jy sterwelinge uit die diepte van ydelheid opgetrek
in gehoorsaamheid aan die Meester se bevele,
Hy wat jou verstand in alle opsigte verlig het
en jou ’n Apostel en eerwaardige verkondiger
van sy onbevatlike Godheid gemaak het, o Alsalige.

Herhaal: Met die hengelstok van genade…

Die verligting van die Gees
het in die vorm van vuur op jou neergedaal
en jou ’n heilige vat gemaak, o salige,
wat die newel van goddeloosheid kragtig verdryf
en die wêreld verlig met die glans van jou alwyse woorde,
o Jakobus, ooggetuie van Christus,
uitverkore ingewyde en kruin van Apostels.

Met die strale van jou prediking,
o glorieryke Jakobus,
het jy hulle verlig wat in die duisternis van onkunde gesit het
en hulle deur geloof kinders van ons Meester en God gemaak.
Jy het ’n navolger van sy lyding en dood geword
en ’n erfgenaam van sy heerlikheid,
as ’n wyse teoloog en allerwaaragtige dissipel.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon – Toon 8

Kom, laat ons Jakobus met lofsange loof,
die herout van die inwyding in die hemelse dinge
en uitlegger van die Evangelie.
Want hy is as rivier van die geestelike paradys geopenbaar
wat die landerye van die siel met hemelse reëns bevogtig
en dit vrugdraend maak vir Christus ons God
wat deur sy gebede aan almal versoening, verligting en groot barmhartigheid skenk.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Van die Fees van Pasga.

Daarná die Groot Doksologie en Wegsending.

**By die Goddelike Liturgie**

**Kommunielied:** Oor die hele aarde het hul stem uitgegaan en tot aan die eindes van die wêreld hul woorde. Halleluja.